MEDIA RELEASE
BY CHRISTIAN DEMOCRATIC ALLIANCE (CDA)

5 May 2010

Oorweeg regeringsingryping in Vrystaat
"Dit is met groot huiwering dat ons vra dat die regering oorweging moet skenk aan die moontlikheid om 'n ondersoek te loods of dit nie aangewese is om die Vrystaatse provinsiale regering onder administrasie te plaas nie. 'n Soortgelyke ingryping is al in die Oos-Kaap gedoen en die belangrike les wat daar geleer is, is dat nie te lank gewag moet word nie," aldus ds. Theunis Botha, leier van die Christen-Demokratiese Party (CDP) en waarnemende voorsitter van die Christen-Demokratise Alliansie (CDA) .

"Ons is eerstens teësinnig om selfs aan so iets te dink omdat Christen-demokratiese partye wêreldwyd die beginsel onderskryf dat die maksimale gesag so laag as moontlik gesetel moet wees, en verder ook omdat ons weet dat nasionale ingryping geskied teen die agtergrond dat baie van die sentrale staatsdepartemente ook nie funksioneer soos hulle moet nie. Die premier word net in te veel berigte, en selfs 'n beëdigde verklaring by korrupsie betrek, terwyl die soveelste paaietender in die provinsie onlangs deur die hof tersyde gestel is. Trouens, in die jongste geval het die staatsprokureur in 'n ongehoorde stap hom van die LUR onttrek, en die hof gelas het niemand wat by die vorige tendertoekenning betrokke was, mag oor die hersiening beslis nie."

"Die gesondheidsdienste word klaarblyklik nie reggeruk nie, faksiegevegte het nou skynbaar tot 'n moord op 'n burgemeester bygedra, en die Vrystaatse hoofstad val maand vir maand in dieselfde skuldmoeras vas wat ander munisipaliteite in die provinsie kenmerk.

"Vrystaat landbou moet binnekort finaal besluit of hulle die regering hof toe sleep om sy grondwetlike plig na te kom, soos om sy burgers veral aan die grens met Lesotho behoorlik te beveilig.

"Die hartseer is dat wat vir die Vrystaat geld, waarskynlik vir 'n hele paar ander provinsies geld."

Consider government intervention in FS
"We did not easily come to the conclusion that we have no alternative but to request government to consider whether it may not be best to place the Free State under administration. Similar intervention had already been done in the Eastern Cape, and the most important lesson learnt was that it is critical not to wait tool long," says Rev. Theunis Botha, leader of the Christian Democratic Party (CDP) and acting chair of the Christian Democratic Alliance (CDA)

"We are reluctant to make such a suggestion as Christian Democratic Parties all over the world believe maximum authority should be entrusted to the lowest possible levels of government, and also because we are not convinced that the national government is in a healthy state either. In simply too many reports and even in a court affidavit is the premier implicated in involvement in corruption, whilst a host of road tenders ended up in court. In an unprecedented action the state Attorney disassociated himself from the MEC, and the court ordered that the tender process be repeated, with the exclusion of all who were involved in the first place. "

"The health services are clearly not improving, faction fighting has now apparently lead to the murder of a mayor. The Free State's capital is spiralling into the same financial trap as most other provincial towns."

"Free State Agriculture must decide soon whether to go ahead with a court action against government to force them to do their constitutional duties, including protecting the safety of citizens especially on the Lesotho border. "

"The real tragedy is that what applies for the Free State, probably also applies to most other provinces."